# TOESIGHOUERSVAARDIGHEDE 2024:

## Die bestuur van Kwaliteit, Produktiwiteit en Moreel

**Inhoud:**

**1. Inleiding:**
Die toesighouer is verantwoordelik vir verskeie take, waarvan die lewering van 'n **kwaliteit diens of produk**, die **produktiwiteit van die mense** wat aan hom rapporteer en die **moreel van die span**, seker die belangrikste is.
Die toesighouer en niemand anders nie, is verantwoordelik indien die span nie hierdie doelwitte bereik nie!

**2. Doel:**
Oor 'n periode van twee dae word die toesighouer geleer en gewys word hoe om sy/haar spanlede se **werkkwaliteit, produktiwiteit** en die **moreel** suksesvol te bestuur.

- Hoe om Kwaliteit-, Produktiwiteit- en Moreel doelwitte te stel.
- Hoe om die doelwitte te kommunikeer aan ellke lid van die span
- Hoe om elkeen van die doelwitte te meet
- Hoe om doeltreffende rekords te hou
- Hoe hanteer jy 'n swak presteerder
- Hoe om regstellings te doen wanneer afwykings plaasvind

**3. Die bestuurder se rol en deelname aan die die ontwikkeling van die toesighouer.**
Deel van ons volgehoue verbetering beleid, gaan ons vanaf 2024 meer waarde toevoeg tot die bestuurder se rol in die ontwikkeling van sy toesighouers.
Ons waardetoevoegings is soos volg:

(a) Die fasiliteerder gaan voor aanvang van die kursus met die bestuurder telefonies in gesprek tree om te hoor watter spesifieke behoeftes deur die fasiliteerder t.o.v. sy toesighouer(s) aangespreek moet word. Die bestuurder se insette is vir ons van kardinale belang!

(b) Die bestuurder se bywoning van 'n halfdag werkswinkel na afloop van die toesighouerkursus raak nou deel van die toesighouer se ontwikkeling. Die doel van die halfdag werkswinkel is om vir die bestuurder te help om die nuut opgeleide toesighouer se kennis en tegnieke in die werkplek te laat werk. Geen toesighouer program waarvan ons kennis dra kan sonder die bestuurder se deelname en leiding werk nie!

**Aanbieding:** Afrikaans & Engels
Kontak Karen karen@hopcal.co.za vir enige navrae